DIE GEES VAN JALOESIE

Deur Arthur Burk

Om by die wortel van jaloesie te kom

Die gees van jaloesie is een van die mees misleidende en veelsydige demoniese magte waarmee ons te doen kan kry. Ek het hierdie demoon inderdaad vir meer as ‘n dekade teëgekom voor ek dit uiteindelik herken het. Dit was uiters nuttig om verby die uiterlike manifestasies tot by die wortel daarvan te kom.

Die leerkurwe het begin toe ‘n vriend van my ‘n oproep na Plumbline gemaak het en vir gebed ter ondersteuning van hulle bediening gevra het. My vriend is die hoof van ‘n Amerikaanse bediening wat die werk van ‘n bediening vanuit Israel onderskraag het. Die Israeli’s sou na Amerika kom en ‘n toer na twee-en-twintig verskillende stede doen om hulle visie te deel en fondse in te samel. Voor hulle by die eerste stad gekom het, het drie mense kort na mekaar hartaanvalle gekry. Al drie hierdie mense was verbonde óf aan die bediening óf aan die persone wat reëlings vir die toergroep getref het. Een slagoffer was byvoorbeeld die Los Angeles ko-ordineerder wat verwag het om ten minste vierhonderd mense byeen te bring om na die bediening van Israel te luister. Die leier se hartaanval en gevolglike onttrekking op die laaste minuut het tot gevolg gehad dat die Israeli’s met slegs omtrent ‘n dosyn mense in iemand se woonkamer ontmoet het, aangesien daar geen persoon was wat leiding kon neem na wie die leier die baton kon aangee nie. Dit was vir al die betrokkenes ‘n groot teleurstelling.

Met drie hartaanvalle kort na mekaar, almal verwant aan die bediening in die een of ander vorm, en elk wat hindernisse veroorsaak het vir die bediening, het my vriende begin dink dat dit waarskynlik ‘n demoniese aanval was, en nie die gevolge van fisiese probleme wat tot op daardie tyd nie waargeneem is nie. Wat hulle besonder verbaas het, was die dramaties vinnige herstel van die mense na die hartaanvalle. Dit was in der waarheid bonatuurlik vinnig. Om drie uit drie mense te hê wat ewe skielik hartaanvalle kry en dat almal dan baie gouer as normaal herstel, was vir hulle nog ‘n bevestiging dat ons nie hier met ‘n biologiese probleem te doen het nie.

My Amerikaanse vriende het my op hierdie stadium geskakel en ek het ‘n paar van my intersessors aan die bid gesit. Ons het begin om God se beskutting oor die bediening te bid en enige moontlike aanval van die vyand gestuit. Ons het nog nie voorheen enigiets van hierdie aard teëgekom nie en daarom nie ‘n spesifieke strategie gehad nie. Ons het eenvoudig ons algemene gebede, gegrond op die gesag van Christus, gebid.

Ons was totaal oneffektief, want in die twee daaropvolgende weke waar hulle in verskillende stede langs die roete besig was om vir die Israeli-groep gereed te maak, het nog twee mense hartaanvalle gekry en een moes ‘n nood opehartoperasie ondergaan. Ons het toe besef dat dit nie slegs demonies van aard was nie, maar dat die demoniese ook ‘n betekenisvolle wetlike reg in hierdie situasie gehad het, want ons intersessie het hulle nie in die minste gekortwiek nie.

Die probleem voor ons was dan ook, watter wetlike reg die vyand gehad het om in staat te kon wees om hierdie soort skade aan te rig. Omdat ons nog nie voorheen so-iets gesien het nie, en ook geen verwysingsraamwerk gehad

© Alle regte voorbehou

het nie, het ons dit sommer in die algemeen ‘’n gees van hartaanvalle’ genoem, terwyl ons tog vermoed het dat ‘n dieper wortel daaragter gesit het.

Ek het voor die Here gegaan, maar geen antwoord van Hom gekry nie. My volgende stap was om die Here te vra wie van my Plumbline intersessors die antwoord het. Hy het my onmiddellik die naam van iemand gegee. Ek het haar gebel, van die situasie vertel, en gevra of sy al ooit tevore so-iets gesien het. Sy het nie. Ek het haar gevra of sy geweet het wat die wortel van die sonde was wat die demone toegelaat het om hierdie soort gesag te hê. Sy het nie. Ek het grappenderwys vir haar gesê haar antwoorde is nie aanvaarbaar nie omdat God gesê het sy **weet** wat ons nodig het en dat ons die inligting nodig het en van haar wou hê.

Terwyl ek aangehou het, het sy in stilte op die Here gewag en geluister en Hy het haar ‘n baie belangrike vraag gevra. Sy vra my toe, “Is daar enigiemand wat ingesluit wou wees maar uit die toergroep uitgelaat was?”

“Ek het geen idee nie”, het ek gesê.

Ek het my vriendin geskakel wat die hoof van die groep wat die toer ko-ordineer was en gevra, “Bloot uit nuuskierigheid: is daar enigiemand wat in hierdie toer ingesluit wou wees, en, om die een of ander rede, uitgelaat was?”

Sy het onmiddelik gesê, “O ja. Daar was ‘n paar persone in Israel wat in die Israeli afvaardiging ingesluit wou wees maar toe nie was nie.”

Baie meer tersake, was daar ook nog sommige hoogaangeskrewe bedieninge in Amerika wat gevoel het **hulle** behoort gasheer vir die Israeli’s te wees eerder as die bediening waarvan my vriende die leiers was. Uiteindelik het ons omtrent ‘n dosyn verskillende individue of organisasies gekry wat elkeen gevoel het hulle behoort êrens by die aksie betrokke te wees, maar toe nie was nie. Ons het toe begryp dat ons met ‘n gees van jaloesie te doen het. Dié wat uitgelaat was, was jaloers op dié wat by die bediening ingesluit was.

Tot op daardie tydstip het ek nog nooit by name met ‘n gees van jaloesie gehandel nie. Ek het nie die dinamika verstaan en nog nooit die onderwerp bestudeer nie. Maar ek was onder druk en omdat lewens op die spel was, het ons net eenvoudig ‘n klomp modder teen die muur gegooi en gehoop iets daarvan sit vas. Ek en my vriendin het omtrent vyftien minute in gebed oor die foon bestee, die gees verwerp, versaak, afgesny en geïsoleer, saam met al die ander dinge wat intersessors in geestelike oorlogvoering mee bekend was om te doen.

Toe het ons teruggesit en met ‘n mate van besorgdheid en huiwering gewag en dopgehou wat sou gebeur terwyl die Amerikaners en Israel’s na die volgende stad vertrek het. Niks slegs het in die volgende stad gebeur nie, en hulle was in staat om hulle hele toer te voltooi sonder enige verdere hartaanvalle, opehartoperasies, of enige probleme van daardie aard.

Ons het ‘n sug van verligting geslaak en hulle teruggestuur na Israel. Die Amerikaanse bediening het met hulle gewone aktiwiteite voortgegaan. Ek het dit in my geheue as “demoniese trivialiteit” geliasseer; as ‘n interessante, geïsoleerde en bisarre situasie waar jaloesie hartaanvalle onder sekere omstandighede kon veroorsaak. So ver ons geweet het, was ek

© Alle regte voorbehou

klaar hiermee. Ons het baie een-van-'n-soort demoniese ervarings in hierdie bediening en ons neem dit nie juis te ernstig op nie.

Herhaling – God se werktuig

Wanneer God probeer om my iets nuuts oor die vyand se koninkryk te leer, laat Hy die vyand toe om herhaaldelik dieselfde streek, maar elke keer in 'n ander gewaad, oor en oor uit te haal, sodat ek die kompleksiteit van sy strategieë kan bemeester. Vir die volgende vier maande het dit gelyk asof ek om elke draai die gees van jaloesie teëgekom het en respek begin kry het vir sy teenwoordigheid op soveel gebiede.

Ons het dit begin sien in 'n verskeidenheid van fisiese probleme, nie net hartaanvalle nie. Ons het ook uitgevind dat dit aan sekere plekke en geboue kon kleef. In 'n huis, byvooreeld, waar die vorige inwoners van lank gelede in omvattende mate by jaloesie betrokke was, sou daar steeds jaloesie in een slaapkamer kon wees en dan sou die demoon die kinders se gedrag in daardie kamer kon beïnvloed sonder dat hulle bewus was van die vorige situasie. Sodra ons die gees van jaloesie beveel het om die kamer en die eiedom te verlaat, het die probleme met die kinders tot 'n einde gekom.

Omdat ons die gees van jaloesie in 'n wye verskeidenheid van manifestasies teëgekom het, het ons begin om die Here vir groter openbaring te vra. Ons het geweet dat baie mense jaloers op ander was. Dit is deel van ons gevalle natuur. Kleingeestige mense is volop. Kleingeestigheid is ongelukkig steeds 'n kenmerk selfs van sommige leiers in God se koninkryk. Selfs hoewel die sonde van jaloesie redelik algemeen is, het dit nie sin gemaak dat die demoon van jaloesie soveel gesag kon hê dat dit byna dodelik kon wees nie.

Gedurende daardie periode was daar geen teologie in ons strategie nie, ons het dit net weerstaan. Ons het dit verwerp, afgesweer en beveel om te gaan en nie terug te kom nie. Ons het geen begrip gehad waar die wortel van die saak lê nie, maar tog merkwaardige resultate gekry. Ons was nietemin aangevuur om by die kernaspek van hoe dit werk uit te kom en het begin bid en vra, "Vader, waarom is hierdie gees so algemeen en hoekom is dit so sterk?"

Uiteindelik het God ons na verskillende Skrifdele geneem. Wat volg, in terme van die Skrif en metodologie, is die resultaat van my samewerking met baie intersessors, verskeie organisasies en heelwat soortgelyke situasies gedurende die loop van 'n jaar. Dit is 'n samevatting van die uitslag van ons ondervindings, en ongelukkig ook van die houe wat ons gekry het.

Satan se motivering

Die eerste gedeelte wat God ons gegee het was uit Jesaja 14:12-14. Die profesie van Jesaja is oënskynlik vir 'n aardse koninkryk en 'n herkenbare koning; die koning van Babilon. Histories het baie teoloë dit egter ook aan die duiwel toegeskryf. Die verse sê dit so:

"Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die

Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!”

Ons het uit hierdie Skrifgedeelte geleer dat as dit inderdaad van Satan praat, dit verwys na wat hom daartoe aangespoor het, of die motivering wat veroorsaak het dat hy teen die Allerhoogste God gesondig het, naamlik dat hy jaloers was oor die heerlikheid, eer en uitnemendheid van God Almagtig.

Deur slegs vlugtig in die Skrif te kyk na die val van Satan, het dit duidelik geword dat, tot die einde van tyd, Satan geweldig en bitterlik jaloers is oor al die aanbidding wat ons aan die Allerhoogste God gee. Hy wou duidelik ons aanbidding hê om mee te begin. Hy wou soos die Allerhoogste wees. Baie van die woorde in daardie gedeelte gaan oor selfverheffing.

“Ek wil opklim in die hemel.”

“My troon verhef bo die sterre.”

“Ek wil sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.”

“Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke.”

“Ek wil my gelykstel met die Allerhoogste.”

Hy wou uitnemendheid en die eer hê wat daarmee gepaard gaan. Hy wou duidelik die aanbidding van die mensdom hê.

Van die begin tot die einde

Toe Satan na die tuin van Eden kom, was hy daarop uit om die verhouding tussen God en Adam en Eva te versteur. Adam en Eva het gedink dat alles wat God gedoen het reg en goed was. Die kern van aanbidding was die genot en plesier wat hulle uit hulle verhouding met God gekry het. Ten spyte daarvan dat hulle nie formele aanbidding gehad het nie, was hulle bewondering oor alles wat God gedoen het, innige en lieflike aanbidding.

Satan het in die tuin gekom en gesê, “Weet julle, God het julle nie die beste gegee nie. Hy hou iets terug. Hy weerhou die kennis van goed en kwaad vir Homself. Wat julle het, is goed, maar nie die beste nie.”

Deur sy leuens en manipulasie, het hy Eva se hart van God afgekeer. God, wat die voorsiener van alle goeie dinge is, word nou in plaas daarvan geskilder as iemand wat iets weerhou, haar manipuleer en beroof deur haar nie die beste te gee nie. Sy het haar toe na die duiwel gewend, wat haar die advies, raad en die veronderstelde metode aan die hand gedoen het om wat die “beste” vir haar was, toe te eien. Sy het haar afhanklikheid van God gestaak en op die duiwel begin vertrou, wat ‘n vorm van aanbidding is.

Die volgende groot sonde in die geskiedenis van die Skrif het ook betrekking op aanbidding: die konflik tussen Kain en Abel. Skakel nou oor na “vinnig vorentoe“ en kyk na die baie gevalle van afgodery in die Skrif. Jy kom by die verhaal van Job, waar Satan in die hemel die opregtheid van Job se aanbidding vuriglik bevraagteken het.

© Alle regte voorbehou

Wat hy eintlik gesê het, was, “God, jy het hom omgekoop. Jy het gekonkel; jy betaal hom om jou te aanbid deur die voorspoed wat jy oor hom uitstort.”

Die hele verhaal van Job is gesentreer om die tema van Job wat God aanbid het selfs toe hy in geweldige pyn verkeer het.

Skakel weer oor na “vinnig vorentoe“ na die einde van tyd tot waar jy kom by die groot verdrukking en die vrederyk wat daarop volg. Gedurende die groot verdrukking sal Satan deur die Antichris omtrent alles beheer. Hy sal absolute politieke beheer oor die wêreld hê. Hy sal absolute ekonomiese beheer hê. Hy sal die geografie beheer. Hy sal ‘n mate van beheer oor die ekologie hê, hoewel die twee getuies dit grootliks skadeloos sal stel. Hy sal sy eie troon hê in wat vroeër die allerheiligste in Jerusalem was. Hy sal die aanbidding van bykans die hele mensdom hê, wat eintlik al is wat hy begeer. Hy sal selfs die mag hê om mense uit die dood op te wek.

Ten spyte van alles wat hy sal hê, sal hy nie gelukkig wees nie. Met alles wat alreeds in sy greep sal wees, sal die een enkele obsessie wat Satan sal hê, wees dat die Antichris die laaste handjievol mense uitwis wat die Here Jesus Christus vrywillig ten koste van hulle lewe aanbid. Die Skrif sê uitdruklik dat groot skares mense ‘n marteldood sal sterf ter wille van hulle geloof gedurende die groot verdrukking. Maar ten spyte van hoeveel mense hy doodmaak, en ten spyte van hoeveel hom sal vrees en gewillig hulle knieë uit lafhartigheid en selfbehoud voor hom sal buig, sal die klein groepie oorgeblewenes dit vuriglik najaag om die Allerhoogste God te aanbid. Satan is geweldig jaloers op God en nog steeds bitterlik jaloers op die aanbidding wat ons aan God gee.

Satan se verlies

Dit was slegs die helfte van hoe Satan se jaloesie homself probeer gelykstel met God en dit het ons bietjie insig gegee oor hoe om die gees van jaloesie te beveg. Die ander helfte waar dit voorkom is in ‘n ander gedeelte, en wel in Esegiël 28. Hierdie verse is nog ‘n profetiese woord wat aan ‘n ander aardse koning, die koning van Tirus, gegee is. Histories het die kerk ook hierdie gedeelte as simbolies of letterlik as verwysende na Satan gesien.

Esegiël 28:12-18 in die NLV beskryf dit so:

Jy het wysheid en prag vervolmaak. Jy was in Eden, die tuin van God. Jou klere was versier met kosbare stene: robyn, topaas, jaspis, chrisoliet, oniks, opaal, saffier, turkoois en smarag. Hulle was almal in goud geset. Jy het dit gekry die dag toe jy gemaak is. Jy is aangestel as die wakende gerub. Ek het dit so bepaal. Jy was op die heilige berg van God. Tussen glinsterende edelstene het jy rondgestap. Jy was onbesproke in alles wat jy gedoen het, vanaf die dag dat jy geskep is tot op die dag toe boosheid in jou gevind is. Jou uitgebreide handelsbetrekkinge het jou geweldadig gemaak en jou laat sondig. Daarom het Ek jou verban van die godeberg af. Ek het jou verdryf, o gerub wat moes waghou! Ek het jou verwyder van tussen die glinsterende edelstene. Jy het trots geword oor jou prag. Jou aansien het veroorsaak dat jy jou wysheid verloor het. Daarom het Ek jou op die aarde neergegooi, voor konings wat toekyk. Met jou sondes en oneerlike handelspraktyke het jy jou heiligdomme besoedel. Daarom brand Ek jou af tot net as sal oorbly, terwyl almal toekyk.

© Alle regte voorbehou

Vers 19 voeg toe, *"Almal wat jou geken het, staan verstom oor wat met jou gebeur het..."*

Hou hierdie vers in gedagte en vergelyk dit met Psalm 8:4-6 (NLV):

"Wanneer ek opkyk na die naghemel en ek sien die werke van U vingers, die maan en sterre wat U in hulle plekke geplaas het, wat is die mens dat U aan hom dink, die mensdom dat U vir hulle omgee? U het ons 'n bietjie minder gemaak as hemelse wesens, en ons gekroon met roem en eer."

Ek glo dit gee ons die ander helfte van die rede vir die duiwel se jaloesie. **Ons het nou wat hy voorheen gehad het.** Hy het eens op 'n tyd heerlikheid en eer gehad. Hy het toegang tot die teenwoordigheid van God gehad. Hy het al die heilige skoonheid gehad. Hy het al die gawes en salwing gehad wat waarskynlik ver meer was as wat ons nou het. Soos wat God Satan en die demone gemaak en aanmekaargesit het, is hulle vermoëns verhewe bo die van ons. Hulle is bokant baie van die natuurwette waarin ons vasgevang is. Hulle besit 'n tydlose eienskap wat ons in ons sterflikheid nie kan ervaar nie. Met betrekking tot mag is daar so baie in hulle wat bo ons verhewe is. Nietemin is ons ver verhewe bokant hulle wat ons voorregte betref.

Ons het geestesgawes en salwing, toegang tot God en die inwoning van die Heilige Gees. Ons het 'n bloedverbond-verhouding met die Here Jesus Christus. Ons het die geleentheid om te sondig en weer herstel te word wat die duiwel baie duidelik nie het nie. Dit was vir hom slegs 'n eenrigting pad.

Dit het ons helderheid gegee oor die aard van Satan se jaloesie. **Die vyand is jaloers op ons Godgegewe posisie. Hy is ook jaloers op die aanbidding wat ons aan God gee in reaksie op wat ons het.**

Terwyl ons die aard van jaloesie bestudeer het deur in die Skrif en na die mense om ons te kyk en hoe dit in mense se lewens tot uiting kom, het dit begin om 'n herkenbare patroon aan te neem. Ons het ook drie voorbeelde gevind waarop jaloesie oor die algemeen werk. Ons het hierdie patroon in die Skrif teëgekom en ook in die mense waarmee ons te doen gekry het.

Om die prys te betaal

Ten eerste, en tragieste van alles, is daar baie mense in die kerk wat nie gewillig is om die prys te betaal om die dinge te doen waarvoor God hulle geroep het nie. Die eerste voorbeeld hiervan is Kain. Daar was duidelik 'n regte en 'n verkeerde manier om te offer. Die Skrif sê nie of Kain en Abel vooraf hiervan geweet het nie. Selfs al sou hulle nie voor die tyd geweet het van die korrekte protokol van hoe om te offer nie, het hulle dit beslis onmiddellik geweet nadat God die een geseën en die ander se offer nie aanvaar het nie. God het dit duidelik gemaak dat Kain nog steeds 'n geleentheid gehad het om die regte offer te bring. Indien Kain die regte offer bring, sou hy geseën word.

In Genesis 4:6 (NLV) staan daar, *"Hoekom is jy so kwaad?" vra die Here vir hom. "Hoekom hang jou gesig?* ***Is daar nie aanvaarding vir jou as jy reg optree nie?*** *Maar as jy weier om reg te doen, moet jy oppas! Sonde sit reg voor die deur om jou te oorweldig, maar jy moet dit oorwin".*

© Alle regte voorbehou

Ons lewe in die tyd van genade, en tog leer alles wat ek in die Nuwe Testament lees dat daar van ons kant af ‘n sekere mate van inspanning **moet** wees ten einde die volle potensiaal van ons lewens te bereik. Byvoorbeeld: selfs al openbaar die Heilige Gees geestelike dinge aan ons deur die Woord (Joh 16:13; 1 Kor 14:1), moet ons ons nog steeds daarvoor beywer. *“Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as ‘n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny”* (2 Tim 2:15).

Daar is baie ander gedeeltes wat handel oor hoe ons ons eie heil moet uitwerk, om dissiplines te handhaaf, en om in ons lewe heiligheid, geregtigheid en intimiteit met God te vestig. Al hierdie dinge kos inspanning. Dit is die gevolge van die wil van ‘n mens. Ons kies om sekere dinge te doen wat ons in ‘n hegter verhouding met God bring. Ons kan ook kies om sekere dinge te doen wat ons verder van God verwyder. Bekering is altyd ‘n keuse. Dit is ‘n wilsdaad. Hoofsaak is die gebruik van ons wil om te kies om die dinge te doen wat vir ons beloning of seën inhou.

Kain het God oor daardie kwessie absoluut beveg. Die offer wat hy gebring het, was nie sleg nie. Dit was waarskynlik van ‘n baie hoë gehalte. Daar bestaan geen rede om te glo dat dit nie die eerstelinge van sy oes was nie. Die offer was beslis organies, hoë vesel en lae cholesterol. God laat nietemin nie die mens toe om die voorwaardes te kies om Hom te behaag nie.

God het gesê, “Dis hoe ek wil hê ‘n offer gebring moet word. Julle moet dit so doen, of dit sal nie aanvaarbaar wees nie.”

Kain was bitterlik jaloers op sy broer wat goedkeuring van God ontvang het, want Abel het gedoen wat God van hom verwag het. Kain wou nie die prys betaal om te doen wat reg is nie.

Spreuke 22:29 druk dit uit as ‘n beginsel. *“Sien jy ‘n man wat vaardig is in sy werk – hy kan voor konings staan, hy hoef nie voor geringes te staan nie.”* In teenstelling daarmee sien ons dat as ‘n persoon tevrede is met middelmatigheid, en weier om te wandel volgens die dissiplines van die Christelike lewe, hy die risiko loop om nie sy geboortereg te verkry nie. Hy sal nie in staat wees om in die volheid te wandel wat God vir hom begeer nie.

Ongelukkig is daar mense wat lippediens lewer om hulle geboortereg te kry maar heftig daarteen stry om enige prys te betaal om hulle erfenis te verkry. Die prys wissel van mens tot mens en van omstandigheid tot omstandigheid. Hierdie mense wat sonder sweet die beste wil hê, is die soort wat baie jaloers kan wees op hulle wat **gewillig** is om die prys te betaal. Hulle is jaloers op diegene wat jare in die woestyn geleef het, wat ‘n lewe van opoffering gelei het, maar aangehou het om te saai en te wag vir die oes wat eers baie later sou kom.

Dit is die eerste geval van jaloesie van ‘n mens. Individue soos Kain, wat nie gewillig is om die prys te betaal nie, en wat probeer om ‘n kortpaadjie te kies na die volheid van die inbesitname van hulle geboortereg, het gewoonlik ‘n weersin teen, en is jaloers op hulle wat gewillig is om die prys te betaal.

© Alle regte voorbehou

Onsekerheid

Daar is ‘n tweede oop deur vir die gees van jaloesie, en dit is leiers wat onseker is van hulle eie stand. Koning Saul is ‘n klassieke voorbeeld hiervan. Toe die Israeliete begin sing het, “Saul het sy duisende verslaan maar Dawid sy tienduisende,” het Saul onmiddellik gevoel dat sy koningskap in gevaar is. Hy kon nie rustig wees in die wete dat God Self hom as koning aangewys het, en sy heerskappy daarom in God se hande was en nie in die van Dawid nie. Ons sien hierdie onsekerheid vroeër reeds, selfs nadat Samuel hom afsonderlik as koning gesalf het. Hy het vir niemand daarvan vertel nie, en hy het op die dag wat hy as koning gekies is, weggekruip. Die tweede keer wat hy gesalf is, was dit in die openbaar nadat die lot voor die hele Israel gewerp is en dit duidelik was dat hy koning was. Hy het ten spyte daarvan nie sy leierskap opgeneem nie. Dit het ‘n derde kroning geneem voor hy gewillig was om as koning op te staan, maar selfs deur sy hele lewe het hy daardie pynlike onsekerheid gehad. Hy was bang hy sou sy troon moes prysgee, en het bitter jaloers geword op Dawid, want Dawid was op sekere gebiede beter as hy. Die feit is dat Dawid absoluut niks wou doen om die troon van Saul weg te neem nie, maar Saul se gevoel van onsekerheid was sterker as die feite van die situasie. Omdat Saul onseker gevoel het, was hy vuriglik, moorddadig jaloers op Dawid.

God se soewereiniteit

Daar is ‘n derde oop deur vir jaloesie wat algemeen voorkom in die Liggaam van Christus, een wat ‘n bietjie moeiliker is om te artikuleer. Dit het te doen met die soewereiniteit van God. Daar is gevalle waar ‘n persoon in ‘n besondere veld van bediening geroep is. Neem byvoorbeeld stadsuitreike. Veronderstel ons het ‘n man genaamd pastoor Sam Jones wat ‘n hart vir sy stad het. Hy is ‘n man wat gewillig **is** om die prys te betaal. Hy is opreg en het vir drie-en-twintig jaar met passie vir sy stad gebid. Hy het sy hele lewe daarin uitgestort om God in sy stad met krag te sien beweeg. Uiteindelik breek God se kairos-tyd aan en God bring ‘n buitestaander in wat baie jonger en onervare is, en wat eenvoudig nie vir drie-en-twintig jaar in barensnood vir die stad was soos pastoor Jones nie. Sonder enige fout aan pastoor Jones se kant, het God soewerein verkies om ‘n ander man in ‘n hoë profiel leierskapsposisie in daardie gemeenskap te plaas om die werk van God in te lei waarvoor pastoor Jones so baie jare gearbei het.

Dit het al herhaaldelik op ‘n groter of kleiner skaal met intersessors gebeur. Waar ‘n gebedsgroep eenkant en ongemerk vir ‘n lang tyd gebid het, word ‘n ander groep intersessors na vore geroep, ‘n posisie en gesag gegee en is vir ‘n oomblik in die kollig. Alhoewel die eerste groep vir die geboorte verantwoordelik was, het die laatkommers die erkenning gekry toe hulle die nuwe geboorte teweeggebring het.

Die eerste groep kan in die strik trap en jaloers wees op hulle vir wie God gebruik het om hulle gebede te beantwoord. Dink aan die gelykenis in Matteus 20 waar die plaaseienaar loonarbeiders op die sesde, negende en weer op die elfde uur gehuur het en hulle almal die landerye ingestuur het. Teen die einde van die dag het elke werker dieselfde loon gekry. Die wat vroeg gehuur is, het begin kla.

Vers 13-15 (NLV): *“Maar Hy antwoord een van hulle: ‘Vriend, ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir die gewone dagloon nie? Vat jou geld en gaan huis toe. Ek wil vir hierdie laaste een*

© Alle regte voorbehou

dieselfde gee as vir jou. Mag ek dan nie met my geld maak wat ek wil nie? Of is jy afgunstig omdat ek goed is?"

Die logika is eenvoudig net dit: Pastoor Jones wat vir 23 jaar gearbei het gaan nie sy beloning verbeur nie. Dit is slegs so dat sy beloning ewig en nie tydelik gaan wees nie. Hy sal sy loon in die hemel kry vir alles wat hy gedoen het. Vir al die sooie wat hy omgespit het sal hy beloning kry. Hy het die pad vir iemand anders berei.

God verbind Hom nie noodwendig daartoe om ons gedurende ons leeftyd te vergoed op 'n wyse wat ons verwag nie. God sê eenvoudig dat Hy soms vrygewig wil wees. Soms wil Hy soewerein vir iemand iets gee wat hy nie verdien nie. Soms wil Hy salwing, gesag en posisie gee aan 'n persoon wat dit tegnies nie verdien nie. God sê dis sy goeie reg. Hy kan met sy skatte doen soos Hy wil. Hy kan met sy salwing doen soos Hy wil. Hy kan enigiemand verhoog as Hy wil.

Hy vra vir ons, "Is jy afgunstig omdat Ek goed is?" Tragies, is die antwoord soms, "Ja."

Die soewereiniteit van God wanneer Hy mense aanstel, sommige ophef en ander nie, is 'n derde algemene rede tot jaloesie.

Vervanging

As ons hierdie drie saamvoeg, kom dit neer op wat ek glo die kern in terme van jaloesie is: *vervanging.* In elke geval waar daar jaloesie is, was iemand vervang, dink hy hy is vervang, of dink hy hy gaan vervang word indien iets verander.

Pastoor Rich Marshall het dit goed uitgedruk toe hy gesê het dat sommige van die moeilikste veranderings in die Liggaam van Christus is wanneer ons van God se een orde na God se nuwe orde oorskakel. Baie keer kom jaloesie na vore as iemand 'n uitstekende taak verrig het, deel van God se orde was, God se roeping ervaar het, Hy hulle aangestel en daar geplaas het, en sonder dat hulle fouteer het, kom daar verandering.

Dit was dan tyd vir God se nuwe orde. God het 'n nuwe persoon opgerig en hulle wat getrou in die ou orde gewerk het, voel vreeslik kantlyn toe geskuif. Of hulle voel bedreigd dat hulle vervang sal word en word jaloers, alles deel van 'n poging om dit voor te spring.

In Numeri 5 word gepraat van die gees van jaloesie wat oor 'n man kom wanneer hy vermoed sy vrou is ontrou aan hom. Dit gaan hier hoofsaaklik oor vervanging. Of sy ontrou was of nie, het die vrees dat 'n ander man sy vrou se liefde gewen het, die deur vir 'n gees van jaloesie oopgemaak om die man te beheer.

In hierdie seisoen van die kerk se geskiedenis is daar op elke front baie veranderings. Die Gees van God beweeg snel en doen nuwe dinge, dinge waarvoor ons nie gevestigde paradigmas en ordes het nie. Daarom is daar baie geleenthede vir jaloesie onder kleingeestiges. Andere wat nie kleingeestig nie, maar opreg en regverdig is, en wat gedoen het wat hulle moes, verstaan eenvoudig nie die soewereiniteit van God wat nuwe mense oprig vir nuwe omstandighede en nie dié gebruik wat alreeds daar is nie.

© Alle regte voorbehou

Daar is ‘n segment van die soewereiniteit van God wat ons nie kan verklaar of verstaan nie.

Jaloesie, as ‘n demoniese kwessie, maak meer sin as ons eers hierdie teologiese kwessies verstaan.

Kanale van haat

Die vraag bly steeds, “Waarom het jaloesie soveel krag, veral as dit teen ‘n onskuldige persoon kom?” Ons was gewoond daaraan om demoniese beheer te sien kom oor iemand wat sonde doen.
Die rotsvaste basis in die metode van geestelike oorlogvoering was om sonde te bely, want ons het geweet dat onbelyde sonde die vyand wetlike reg in ons lewens gee. Ons was egter verstom oor die feit dat dit lyk asof die gees van jaloesie wetlike reg oor ‘n onskuldige persoon kon kry. Dit het teen die vloei van ons vorige ervarings gesny.

So ver ons geweet het, was nie een van die mense wat hartaanvalle gekry het, skuldig aan enige vrees om vervang te word nie. Dis een ding as iemand opsetlik hulleself inwurm in ‘n plek waarvoor hulle nie geroep is nie, en sodoende iemand anders vervang. Dit kan dan gesien word as individuele sonde wat die deur vir demoniese hegting oopmaak.

Dit is heeltemal anders as God jou in ‘n gesagsposisie geplaas het. Jy het niemand deur jou aksies verplaas nie. Jy doen eenvoudig wat God jou voor geroep het om te doen en desnieteenstaande het die gees van jaloesie jou, die onskuldige party, aangeval, en dan ook so effektief.

Ons het aangehou om vir die Here te vra, “Hoekom is dit dat hierdie emosie wat deur die duiwel aangevuur word, so baie skade aan gelowiges kan doen?”

Soos wat ons dit op hierdie stadium verstaan, het dit te doen met wanneer iemand anders **akkoord gaan met die vyand.** Met ander woorde, as ons ons werk doen, doen wat ons veronderstel is om te doen, in opregtheid en in gesag wandel, behoort die duiwel ons te haat. Daar is groot fout as die duiwel ons nie haat nie.

Ek is verbaas as mense sê, “Hulle moet seker effektief wees in die Koninkryk, want die duiwel baklei terug.” Hopelik maak ons dit elke dag vir die duiwel moeilik. Hopelik haat hy ons almal met ‘n passievolle haat.

Die feit dat die duiwel ons haat is nietemin onbelangrik. Hy is duidelik nie vry om elke persoon wat hy haat dood of seer te maak nie. Daar moet een of ander beginsel wees waarom hy deur die skans van beskutting kom waarin ons normaalweg wandel. Die vraag is, kan hy deur jaloesie na ons toe deurkom?

Heel waarskynlik kom al die haat wat Satan vir jou het, met dodelike krag na jou toe as gevolg van die plaasvervanging **deur** daardie persoon wat jaloers is op jou. As iemand jaloers word op jou, het hy in der waarheid begin saamstem met die vader van die leuens. Die duiwel betwis gedurig jou reg op die dinge wat God wil dat jy moet hê. As jy in wysheid gesaai het, sal die duiwel een of ander manier kry om voor te gee dat dit nie reg is dat jy die oes kry nie. Of as God jou soewerein seën, is die vyand gou om te bevestig dat jy nie die “reg” het om seëninge te kry wat jy nie verdien nie.

© Alle regte voorbehou

Hy het dit met Job gedoen. God het gesê dat Hy Job seën omdat hy dit verdien het. Satan het dit betwis en verklaar dat God Job geseën het **voor** hy dit verdien het, en dat Job se vroom gedrag as gevolg van God se omkopery was. Leuens en beskuldigings is die duiwel se forté.

Dis die reine waarheid dat jy reg het op elke ding wat God Almagtig besluit het om vir jou te gee. God is eindeloos heilig, regverdig en wys. Elke gawe van Hom aan jou, het deur die raamwerk van hierdie drie eienskappe gegaan en deur nog baie ander ook. As God jou iets gee, het jy absolute wetlike reg daarop. Klaar.

As ‘n ander persoon dus besluit dat jy nie “verdien” wat jy deur die saai en maai beginsel aan die gang gesit het of deur die almag van God nie, glo hulle ‘n leuen en beskuldig hulle jou. **Of hulle bedoel om dit te doen of nie, het hulle begin om met die duiwel self saam te stem oor hierdie twee kwessies.** Daarom word **hulle** die kanaal waardeur die vyand se onsigbare, aanhoudende haat na jou kan deurkom. **Hulle** is die pyplyn waardeur die giftige haat van die hel in jou lewe ingepomp word.

Dis duidelik dat diegene wat enige vorm van gesag oor jou het, die potensiaal het om meer skade aan jou te doen as hulle toegee aan jaloesie. As dit ‘n Christen is wat op jou jaloers is, is die skade groter as wanneer dit ‘n nie-Christen sou wees. As iemand in ‘n regerende gesag, soos byvoorbeeld, ‘n ouer, pastoor of leier van ‘n bediening, op jou jaloers is, kan selfs meer skade aangerig word. Dit is omdat hulle vanuit ‘n posisie waar hulle jou moes bedek het, na ‘n kanaal van die haat van die vyand beweeg het.

Satan soek naarstiglik na enigiets wat hy kan doen om jou salwing en roeping te weerstaan, dit minderwaardig te ag, te verkleineer, besmet of te vernietig. Dit is wat Satan wil doen. As ‘n ander persoon, onbewus van hierdie krag, slegs op ‘n sielsvlak trag om jou salwing of roeping te weerstaan, minderwaardig te ag, swart te smeer of te vernietig, het daardie persoon kragte met die duiwel saamgesnoer. Dit veroorsaak verwoesting in die lewe van die persoon op wie hulle jaloers is.

Dit verduidelik hoekom so baie huwelike van mense in die bediening misluk. Dit verduidelik ook waarom so baie vrouens wie se mans in die bediening is, sulke geweldige houe in hulle emosies kry.

As ‘n vrou wat in die kerkbanke sit en ‘n ongelukkige huwelik het, die pastoor wat Sondae op sy beste lyk, dophou en dink, “Ek wonder hoe dit sal wees om met so ‘n man getroud te wees, ‘n man wat die Woord ken, die Here liefhet en elke dag stiltetyd hou, wat sensitief is en omgee, wat die pyn van mense in die kerk aanvoel? Ek wonder hoe dit sal wees as ek met hom getroud was?”
As ‘n vrou daardie gedagtes begin dink, is dit eintlik ‘n uitdrukking van jaloesie teenoor die pastoor se huwelik en sy vrou. Dit is ‘n doodswens teen die pastoor se vrou. Dink aan die verwoesting as ‘n dosyn vroue in die gemeente elkeen in die stilligheid so dink. Hulle het nie nodig om mondelings met mekaar saam te stem nie, omdat elkeen van hulle alreeds met die duiwel saamstem. Elkeen is jaloers op die man waarmee die pastoor se vrou getroud is. Die ooreenkoms met die duiwel sal verwoestend in die gees dimensie wees, al sou sy nooit daarvan weet in die natuurlike dimensie nie. Hulle laat die haat vanuit die hel los teenoor die pastoor se vrou en haar huwelik.

© Alle regte voorbehou

Elemente vanuit die voorgeslagte

Soos vroeër vermeld, was dit ‘n oppervlakkige ding wat tien of vyftien minute geneem het toe ons aanvanklik begin het met bevryding wat hierdie dinge betref, en ons het net die vrug van jaloesie verwerp en teengestaan waar en wanneer dit gemanifesteer het. Sedertdien het ons begin verstaan dat daar meer ingewikkelde kwessies kan wees. Die eerste vraag wat ek geleer het om te vra, is of die probleem voor hande net tans bestaan, en of dit ‘n voorgeslagtelike probleem is. Met ander woorde, ons sou dan kortliks na die familiegeskiedenis kyk. Ons sou dan na die broers en susters (volwassenes of kinders), ouers, tantes en ooms kyk om te sien of daar ‘n patroon is van familielede wat jaloers is op die sekulêre sukses van ander mense, en of die familie die slagoffers van jaloesie was. Waar daar ‘n voorgeslagtelike demoon is, is dit gewoonlik baie duidelik teen die tyd dat ons na drie geslagte in die uitgebreide familie gekyk het.

Nog ‘n aanduiding van ‘n generasiedemoon wat jaloesie aantrek, is waar daar vroeg al ‘n bewys van die probleem is. Een man het vertel dat die kinders in die skool knaend op hom jaloers was vandat hy in graad drie ‘n klasleier geword het. Hierdie probleem het hom dwarsdeur die hoërskool en kollege gevolg, en tot in sy bediening.

Ons het toe besef dat as daar ‘n familiegeskiedenis was waar mense jaloers was of jaloesie getrek het, dit ‘n kwessie vir bevryding was. As daar voorgeslagtelike bevryding gedoen moes word, het ons die Here gevra hoeveel geslagte terug hierdie probleem in die familie voorgekom het. Ons verbreek op daardie stadium die misdade, noem dit by naam, en bring die reiniging na die huidige geslag en stuur daardie vrymaking na ons nasate, beide fisiese en geestelike kinders, tot in die duisendste geslag.

Vennootskap met ander demone

Ons het ook gevind dat die gees van jaloesie skynbaar in staat is om baie effektief in vennootskap met ander demone te funksioneer. Daar is sekere demoniese entiteite wat in pare of drieë voorkom. As ons met een van die onheilige alliansie handel, herhaal die probleem homself. Op ‘n eenvoudige vlak het ons byvoorbeeld met ‘n kritiese of veroordelende gees afgereken. Daar sou dan beduidende sukses in die bevryding wees, maar na ‘n tyd maak die probleem weer sy opwagting. Uiteindelik het ons verstaan dat ons met perfeksionisme in daardie individu moet handel. Dikwels is ‘n persoon wat uiterlik veroordelend teenoor ander is, innerlik veroordelend teenoor homself (dis perfeksionisme). Dit is twee kante van dieselfde kreatuur, en ons moet met albei kante handel.

Insgelyks is daar vyf prominente demoniese vestings wat lyk of dit saamspan, of ‘n onheilige verbintenis met jaloesie het. Daar moet met hierdie verbintenisse gehandel word. Eerstens is daar ‘n gees van siekte en dood. As dit ‘n generasieprobleem in die geslagslyn is en die gees van jaloesie val nog terselfdertyd die persoon ook aan, is dit ‘n gevaarlike kombinasie. Ons vind ook dat jaloesie iemand aanhoudend aanval wat reeds ‘n slagoffergees het. ‘n Derde demoniese vesting is vrymesselary. ‘n Vierde een is enige soort finansiële vloek. Die vyfde een is verwarde denke, of selfs sielsiekheid in ‘n geslagslyn. As iemand ‘n onvermoë het om die naakte werklikheid te begryp of in ontkenning leef, dui dit op die moontlikheid van ‘n gees van versteurdheid of sielsiekheid in die geslagslyn.

© Alle regte voorbehou

Enige een van hierdie vyf is op sigself ‘n lastigheid. Elkeen daarvan lyk of dit ‘n magneet is wat die gees van jaloesie van ander mense trek, en met die twee demoniese magte ‘n onheilige alliansie vorm. Wanneer ons die familie opname doen, probeer ons vasstel of enige van die vyf teenwoordig is, en as dit is, roep ons hulle tot aandag en sny die alliansie tussen hulle en die gees van jaloesie af voordat ons elkeen individueel aanvat. Jesaja 28:14-15 (OV) verklaar:

“Daarom, hoor die woord van die Here HERE julle spotters, heersers oor hierdie volk wat in Jerusalem is! Omdat julle sê: Ons het ‘n verbond met die dood gesluit, en met die doderyk het ons ‘n verdrag aangegaan; as die golwende gésel deurtrek, ***sal hy na ons nie kom nie****; want ons het die leuen ons skuilplek gemaak en ons in bedrog weggesteek.”*

Dit is nie net leë grootpratery nie. Daar is in der waarheid verbonde wat beskerming bied aan demone. As jy probeer om ‘n demoniese indringer uit te dryf wat weerstand bied, kan dit wees dat daar ‘n verbond bestaan wat beskutting bied aan daardie bose gees. As daar ‘n onheilige alliansie tussen jaloesie en die dood, die slagoffergees of vrymesselary is, kan baie tyd bestee word om te beveel, te verwerp en te versaak sonder dat daar resultate is aangesien hulle onheilige alliansies beslis die demone ‘n mate van beskerming gee.

Jesaja 28:16-18 (OV) gee ons die oplossing vir hierdie probleem.

Daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek lê in Sion ‘n grondsteen, ‘n beproefde steen, ‘n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo sal nie haastig wees nie. En Ek sal die reg tot ‘n riglyn maak, en die ***geregtigheid*** *tot ‘n skietlood; en die hael sal die leuendak wegruk en die water die skuilplek wegspoel. En julle verbond met die dood sal* ***uitgewis*** *word, en julle verdrag met die doderyk nie standhou nie; as die golwende gésel deurtrek, sal julle deur hom vertrap word.*

‘n Verbond wat vrywillig deur twee partye aangegaan word, is bindend; ongeag die pyn wat dit die een of die ander party veroorsaak, tensy ‘n hoër wet dit nietig verklaar. Ons lees byvoorbeeld van tyd tot tyd van individue wat van ander lande na die Verenigde State gebring word onder ‘n soort ooreenkoms wat op slawerny neerkom. Die feit dat hulle gewillig ‘n bindende ooreenkoms aangegaan het, is onbelangrik. Die feit dat hulle belowe het om ‘n sekere mate van arbeid te verruil vir ‘n kaartjie na die VSA, is onbelangrik. Die verbond wat hulle gesluit het met ‘n besigheidsman word onmiddellik van nul en gener waarde wanneer imigrasie beamptes dit uitvind, aangesien die wet van **hierdie** land die ooreenkoms wat hulle gemaak het om slawe te word, nietig verklaar.

So is daar ook antieke generasieverbonde wat een of ander tyd vrywillig gemaak is, en dit verskaf ‘n mate van beskerming aan die demone in ‘n persoon se lewe. Daardie verbonde is nietemin ondergeskik aan ‘n hoër wet van die heelal. Enige persoon kan hom beroep op die Regverdige Regter van die heelal, op grond daarvan dat daardie verbonde nie **regverdig** en in **geregtigheid** gemaak is volgens die hoër wet wat God daargestel het nie. Dan, as God instem dat daardie verbonde sy wette verontagsaam, verklaar Hy dit tot niet. Dit verwyder die beskerming wat die demone gehad het.

Sodra die onheilige alliansies en die verbonde van beskerming deur God ongeldig gemaak is, verklaar ons dat die persoon vrywillig in ‘n bloedverbond met Jesus gegaan het. Ons proklameer dat hierdie verbond hoër is en elke verdrag, beskerming of enige ander verbond vervang en

oortref. Ons beveel elk van die demoniese voormanne om alleen op aandag te staan saam met hulle onderdane en nie in gemeenskap met mekaar nie, en om mekaar nie te ondersteun nie.

Terselfdertyd mag ons dit nodig vind om enige demoniese bekragtiging wat van die land of die gebou kom, te blokkeer. Daar is ook bepaalde gemeenskappe en stede wat ‘n gees van jaloesie oor hulle het, in besonder stede wie se verlossingsgawe die van gewer is. Jy sal nie wil hê dat die sterk man oor ‘n stad versterkings moet stuur om die demone wat jy wil uitjaag te help nie.
Sodra al die voorbereidende werk gedoen is, kom ons by die kern van die saak en dit is om al die verdrae met die duiwel af te sny. Ons verklaar die waarheid, naamlik dat hierdie persoon ‘n wetlike reg het om alles te verkry wat God hom gegee het. Ons kan ‘n lys maak van lewe, gesondheid, skoonheid, verstandelike wakkerheid, gawes, talente, geestesgawes, familie, rykdom, roem, bediening, oop deure of wat ookal die fokus van jaloesie was. Ons vra God om die boeke oop te maak en elke individu te identifiseer wat onwaarhede gedink, gesê of geskryf het oor die dinge wat God ons gegee het.

Ons vra God dan om elke ooreenkoms wat tussen twee mense of enige groep mense gemaak is, af te sny en alleenlik toe te laat dat dinge bly bestaan wat waar is. Dan vra ons God om die verbintenisse tussen mense en die demoniese sfeer af te sny wanneer daardie verbintenisse, direk of indirek, die gees van jaloesie bekragtig het.

Eenvoudig soos dit mag klink, het die verbale uitspreek van afsnyding van alle bekende en onbekende verbintenisse, honderde mense van die mag van Satan se giftige emosies bevry. Satan is altyd jaloers op dit wat ons het wat hy nooit weer sal hê nie, maar hy kan ons nie na willekeur met jaloesie aanval nie. Hy het iemand nodig om met hom saam te stem om ons as minderwaardig voor te stel. Ons kan nie sy giftigheid verander nie, maar ons kan die vloei stop deur God te vra om die gedagtes en woorde van ander mense te oordeel en om elke saamstemming met die leuen af te sny.

Dit werk!

‘n Aanval op finansies

Alles hiervan is nietemin aan die negatiewe kant. Nadat daar vir ‘n tyd lank met die gees van jaloesie gewerk is, het God ons wonderbaarlik laat verstaan hoe om onsself op ‘n pro-aktiewe manier te beskerm sodat ons nie kort-kort deur jaloesie wat van iemand anders kom, besoedel word nie.

Ek was besig om hieraan te werk saam met ‘n vriend van my wat in die bediening is. Hy was ‘n sendeling oorsee maar het tans ‘n bediening in die Verenigde State. In albei die poste was hy vir sy eie onderhoud verantwoordelik. Jare lank het hy finansieel gesukkel. Hoewel daar genoeg borge was, het die geld net nie ingekom nie, met die gevolg dat hy finansieel al verder agteruit gegaan het.

Ons het mekaar ontmoet. Ons het die situasie bekyk. Dit was duidelik dat daar ‘n Midianietiese vloek op sy finansies was. Ons het dit gebreek en ‘n paar dae later het hy sy eerste volle salaristjek in ‘n lang tyd, saam met ‘n groot bonus, gekry. Vir ‘n paar weke het dinge reg verloop. Elke twee weke was die salaristjek daar. Skielik het hy ‘n tjek vir net die helfte van die vorige bedrae gekry.

© Alle regte voorbehou

Hy het die foon opgetel, my gebel, en gevra, “Wat het verkeerd gegaan?”

“Ek het geen idee nie,” het ek gesê.

Ek het na die Here toe gegaan en Hom gevra of dit ‘n hernieude aanval van die Medianietiese vloek was, of dalk iets anders, en die Here het onverwags gesê dat dit jaloesie was. Dit het my verras. Tot op daardie tydstip het ons jaloesie beide in die land en in ‘n groot verskeidenheid manifestasies gesien maar nie in ekonomiese sake nie. God neem my toe na die feit dat hoewel jaloesie na enige plek sal gaan om enigiemand aan val, die basis vir die gees van jaloesie, territoriaal en individueel, in die genadegawe van die gewer is.

Hierdie man het nie die genadegawe om te gee gehad nie, maar ek kon maklik begryp dat jaloesie finansies kan teiken en skade aanrig. Ons het ‘n afspraak gemaak dat hy my sou skakel. Ek het hom nie enige raamwerk gegee van wat ek gaan doen nie. Ek het begin om elke misleidende, beskuldigende, veroordelende gees te beveel om stil te bly omdat ons nie enige inmenging van die kant van die vyand wou hê nie. Ek het toe die Heilige Gees gevra om in sy gedagtes die waarheid te spreek. Ons doen dit omdat ons regtig nie mense onnodig wil slegsê nie. Ek het hom ook gevra om my nie enige name te gee nie. Dit was net tussen hom en die Here.

Ek vra hom toe, “Is daar in jou openbare bediening, in die dinge wat jy besig is om te doen, enigiemand wat in jou gedagtes kom wat jaloers kan wees op wie jy is en wat jy doen?”

Name het dadelik in sy gedagte gekom. Hy het ‘n familie kwessie gehad wat teruggaan na sy kinderdae. Alles waaraan hy geraak het, was geskend deurdat ander mense jaloers op hom was. Ek het die logika en die beginsel aan hom verduidelik en oor die foon saam met hom gebid. Ons het ietwat van ‘n verligting in die gees dimensie ervaar en ek het vir hom gesê ek dink alles sal nou reg wees. Die finansies het weer begin invloei.

Hy vra my toe ‘n baie interessante vraag, “Ek is in ‘n hoë profiel bediening. Baie mense ken my. Baie van die mense saam met wie ek werk, is ver van volmaak. Hoe dikwels moet ek met hierdie gees van jaloesie deel om te verhoed dat dit my weer aanval?”

Nog niemand het my die vraag gevra nie, en net nadat hy dit gevra het, het herinneringe in my gedagtes begin opkom. Ek het met die uiterste verbasing agtergekom dat ek tot op hede vir ‘n jaar vry was van die agtervolging van die gees van jaloesie. Ek kon terugkyk na vorige dekades in my lewe en sien waar jaloesie my agtervolg het in die een bediening na die ander, van een persoon na die ander, in een situasie na die ander. Vir jare het ek gedink dat dit maar is soos dit moet wees as jy begaafd en in ‘n hoë profiel bediening is. Daar sal altyd kleingeestige mense wees wat ‘n weersin het in wat God vir en deur jou doen.

Dit was so vir dekades, maar iets het die vorige jaar gebeur wat dit totaal verander het. Ek het doelbewus deur die gebeure van die laaste jaar in my geheue gegaan en kon geen gevalle onthou waar die jaloesiegees teen my gekom het nie, hoewel ek steeds in ‘n hoë profiel bediening was. Ek was totaal oorbluf oor die geweldige verandering wat ek tot nou toe nog nie raakgesien het nie. Ek het vir die man gesê ek sal hom terugskakel sodra ek ‘n antwoord vir hom het.

© Alle regte voorbehou

Die wyse waarop God beskerming bied

Ek het voor die Here gegaan en gevra, “Vader, wat het ek per ongeluk langs die pad reg gedoen wat die gees van jaloesie gestop het om my te agtervolg? Kan ons dit dupliseer? Kan ons dit in ‘n pakket opmaak? Ek ken ander mense wat die antwoord hierop sal wil weet”.

Dit was ‘n goeie twee weke voor die Here my geantwoord het. Gedurende daardie tweeweek-periode was ek steeds verbaas oor die geweldige verandering. In die verlede, wanneer ek in ‘n plek kom waar ek bedien, was mense gewoonlik geïntimideer deur my gawes. Die kleingeestiges het gedoen wat hulle kon om te keer dat ek gebruik word, nie erkenning of geleenthede kry om te bedien nie. Dit het tot belaglike buitensporighede gegaan. Ek sal dit nie hier dokumenteer nie, maar ek was in heelwat uiters slegte situasies as gevolg van die gees van jaloesie.

In kontras daarmee het God gedurende die vorige jaar mense een-een stil en, so terloops uit my lewe verwyder. Daar was nie ‘n groot rusie of verdeeldheid tussen ons nie; God het net die mense verwyder. God het hulle met mense vervang wat glad nie geïntimideer was deur my gawes nie. Dit was mense wat gawes gehad het wat ek nie gehad het nie, en hulle het op hulle beurt gesien dat ek gawes gehad het wat hulle nie gehad het nie. As ons saam was, het ek alles moontlik gedoen om hulle in ‘n goeie lig te stel en so geplaas dat hulle hulle gawes kon gebruik. Hulle kon dan ooreenkomstig die roeping van God op hulle lewe, bedien. Hulle sou dan weer van hulle kant af dieselfde doen en my met vreugde posisioneer om my gawes te gebruik. Daar was erkenning vir mekaar se voortreflikhede en ‘n duidelike voorkeur vir mekaar deur te poog om die ander persoon te posisioneer om sy gawes op die beste moontlike manier te gebruik. Niemand was geïntimideer deur my bekwaamhede nie. Dit was presies die teenoorgestelde van hoe dinge gedurende al die ander jare van my lewe was.

Gedurende daardie vorige jaar het God baie leiers van leiers oor my pad gebring. Hulle het guns, voorregte en eer aan my bewys, so totaal anders as die vorige twintig jaar van my bediening. Ek het hierdie verandering wat plaasgevind het gesien as geheel al die hand van God, sonder dat ek enigiets gedoen het wat anders was. Ek het niemand van daardie jaloerse mense met geweld uit Plumbline verwyder nie. Ek het nie gesoek na daardie leiers wat my skielik wou insluit in hulle bedienings nie. ‘n Groot verandering het in my lewe plaasgevind, maar ek het geen idee gehad wat aanleiding daartoe gegee het nie.

Na ‘n paar weke waarin ek daaroor gewonder het, het God uiteindelik die prentjie in fokus gebring. Hy het my herinner aan wat die vorige jaar gedurende die Werkersdag naweek gebeur het. Hy het my na die Ooskus saam met nege ander intersessors geroep, almal wat ‘n diepe las vir die kerk in Amerika het. Ons het nie presies geweet wat ons gaan doen nie, maar God het vir ons gesê dat met sekere kwessies met betrekking tot die kerk in Amerika gehandel moet word.

Ons het bymekaar gekom soos God aangewys het en meeste van ons het mekaar nie geken nie. Ek glo nie daar was enigeen wat almal daar geken het nie. Vroeg in die verrigtinge het een van die dames wat ek voorheen vlugtig ontmoet het, na my gekom. Sy het die vermoë gehad om in die gees dimensie te sien en sy het gesê daar was ‘n doodskleed in die gees dimensie om my gewikkel. Dit was asof ek dood en begrawe was soos Lasarus. Sy het dit

akkuraat geïdentifiseer as jaloesie. Dit was voor ek enigiets begryp het van die gees van jaloesie.

Sy het my reguit gevra, "Was daar enigeen in geestelike leierskap wat op jou en die roeping van God op jou lewe jaloers was?"

Ek het geantwoord, "Ja, om die waarheid te sê, daar was beslis." Ek het aan baie mense gedink.

Sy het baie meer as ek geweet hoe vernietigend dit was, daarom het hulle die gebed vir die kwessies in die kerk in Amerika tydelik eenkant gelaat, en vir my situasie gebid. Sy en haar man het die beperkinge wat deur die grafklere veroorsaak was, afgehaal. Hierdie beperkinge het verhinder dat ek vrylik in die gawes wat God my gegee het kon beweeg. Hulle het dit ongeldig verklaar, verwerp en die gees van jaloesie beveel om my vir goed te verlaat.

Daarna het hulle iets nuuts en anders gedoen. Elkeen van die nege het voor my gaan staan, en een-een gespreek oor wat hulle in my gesien het in terme van God se roeping op my lewe. Hulle het verwys na die goddelike karakter wat ek ontwikkel het, die gawes wat God my gegee het, die salwing van God op my en die vrug van my bediening. Een vir een het elk van die nege mense voor my gestaan en verklaar wat hulle van my geweet het. Dit was nie seëninge nie, ook nie om in die toekoms te kyk nie, maar eerder die huidige realiteit wat hulle reeds gesien en van geweet het.

In wese het hulle gesê, "Dit is wat God gedoen het, en ons sê dit is goed."

Aan die einde van elkeen se verklarings, het hulle gevra of die dinge waar was en of ek daarmee saamstem. "Ja," het ek geantwoord.

Ek het die belangrikheid van wat aan die gebeur was, nie begryp nie, maar in daardie uur en 'n half, terwyl daardie nege mense voor my gestaan het en die roeping van God op my lewe bevestig het, het God 'n skild van eer rondom my gesit. Dit was omtrent soos 'n "Teflon™" laag wat die gees van jaloesie van my weggehou het. Dit was 'n jaar later voor ek eers besef het dat dít die gebeurtenis was wat die gees van jaloesie verdryf het. Dit was selfs langer voor ek die kolletjies kon verbind en verstaan wat gebeur het, maar daar was op daardie dag 'n groot skuif in die hemele, of ek dit verstaan het of nie.

Die leuen van hoogmoed

Onmiddellik nadat ek begryp het dat die bekragtiging wat in Florida plaasgevind het, die rede vir die waterskeiding in my lewe was, het ek die Here begin vra vir duidelikheid. Ek wou weet wat die krag, die Bybelse basis en die teologie agter wat daar gebeur het, was. Ek was seker dat daar steeds jaloerse mense in die wêreld was. Ek was dieselfde persoon as voorheen. Watter Bybelse wet het 'n private gebeurtenis so 'n blywende effek in die gees dimensie laat plaasvind, as ek nie eers bewus was van God se doel daarmee nie? Ek het net saamgevloei met wat die ander mense gesê het gedoen moes word.

In sy antwoord het God my laat dink aan 'n illustrasie wat ek al op baie ander terreine gebruik het: die lane in 'n kegelbaan. Die kegelbaan het 'n voortjie aan die regter- en linkerkant. 'n Bal in die voortjie aan die regterkant is net so nutteloos soos 'n bal in die linkerkantse voortjie.

© Alle regte voorbehou

Dit doen dieselfde vir die spel: niks. God het verduidelik dat daar ook twee slote is waarvoor ons versigtig moet wees in terme van wie ons is.

Aan die een kant is daar trots waarin ons kan val, en waarvan ons baie hoor. Wanneer ‘n persoon sy identiteit begin kry deur wat hy het en doen, in plaas van deur sy verhouding met God, is dit gevaarlik.

Toe die twee-en-sewentig van hulle sending teruggekeer het, was hulle opgewonde oor hulle sukses. Hulle het na Christus gekom, en volgens Lukas 10:17 uitgeroep, “Here, selfs die duiwels gehoorsaam ons as ons U naam gebruik!”

Christus het saamgestem, en gesê, “Ek het Satan uit die hemel sien val soos ‘n weerligstraal! En Ek het julle gesag gegee oor alle mag van die vyand, en julle sal oor slange en skerpioene loop en hulle vermorsel. Niks sal julle beseer nie” (NLV). Hy het saamgestem dat wat hulle gedoen het, baie goed was. Hy het saamgestem dat hulle gesag het. Hy het toegegee dat hulle effektief was en dat hulle meer gesag het as waarvan hulle bewus was.

In dieselfde asem het Hy bygevoeg, “Maar moenie bly wees net omdat bose geeste julle gehoorsaam nie; wees bly omdat julle name opgeteken is as burgers van die hemel” (Lukas 10:20). Met ander woorde, moenie trots wees op julle gesag nie. Moenie trots wees op julle gawes nie. Moenie spog oor die vrug van julle bediening nie. Moenie julle identiteit vind in julle salwing nie.

Wees bly oor julle verhouding met die Vader, want wie ons is – ons identiteit – is veronderstel om te kom vanuit ons verhouding met God die Vader. As dit wie ons is, gevestig is in ons verhouding met God die Vader, dan is alles wat ons doen en die salwing wat ons het, daaraan ondergeskik en in perspektief. ‘n Persoon wat verwond is deurdat hy of sy nie ‘n goeie verhouding met hulle aardse ouers of gesagsfigure of met die Allerhoogste God gehad het nie, gryp na ‘n minderbelangrike gesag, geldigheid, belangrikheid en/of ’n identiteit deur wat hulle doen. Dit lei tot hoogmoed en dit is vernietigend. Die Skrif is vol gedeeltes wat waarsku teen hoogmoed.

Die leuen van vals nederigheid

Hoewel, aan die ander kant van die kegelbaan, is die voortjie wat heeltemal misgekyk word, die voortjie van vals nederigheid. **Ons gaan eintlik ‘n ooreenkoms met die vader van die leuen aan as ons ons gawes en wie ons is, verklein, laer ag, ontken en geringskat.** Dit is verwoestend.

Dink hieraan met betrekking tot Christus. Ons vind ‘n goeie paradoks in die lewe van Christus. Soos ons lees in Filippense 2:11 en die daaropvolgende verse, het Hy sy heerlikheid neergelê. Hy het alles wat Hom eer sou besorg, afgelê. Hy het mens geword. Hy het ‘n dienskneg geword, die hele ent pad tot by die kruis. En tog, hoewel hy ‘n dienskneg geword en so gesterf het, het Hy nie vals nederigheid gehad nie.

Eerstens het Hy niks aanvaar wat maar effens na ‘n slagoffergees gelyk het nie. Hy het gesê, “Niemand neem my lewe van my weg nie. Ek lê dit neer. Ek neem dit weer op.” Met ander woorde, Hy het gekies wanneer, waar en hoe Hy as ‘n dienskneg sou wandel. Hy het as ‘n dienskneg slaap verloor, honger geword, moeg geword en afgemat geraak. Hy het dit alles verdra en nêrens vind jy dat Christus oneer aanvaar het nie, met

uitsonderings gedurende sy laaste week en in een geval in Samaria. Hy het dit nie gedweë verduur as iemand probeer het om sy salwing of roeping as Seun van God te belaster, minag, misken, afkraak, verkleineer, swartsmeer of te vernietig nie. Hy het gekies om ontberinge te verduur ten einde mense te bedien, maar Hy het geweier om enigiets wat maar net amper soos vals nederigheid was te aanvaar. **Hy het geweier om met die vyand saam te stem oor wie Hy was.** Hy was die Seun van God en Hy het nie toegegee aan enigiets of enigeen wat sy salwing betref nie.

Hy het dieselfde ook van sy dissipels verwag. Vals nederigheid was nie ‘n opsie vir hulle nie. Hy het vir hulle gesê om na ‘n stad te gaan en soos arm mense te lyk. Hulle moes sonder ekstra klere, ‘n reissak of besprekings by die naaste vyfster hotel gaan. Hulle moes gaan soos rondreisende, arm bedienaars, maar ook as ambassadeurs van die Allerhoogste God. Hulle moes soek na die huis van ‘n “agtenswaardige” man.

Die woord “agtenswaardig” of “worthy” in Engels, beteken *‘n swaargewig, ‘n ryk man, goed daaraan toe* en *gevestig in die dorp.* Hulle moes by so ‘n man bly, sy kos eet, hulle wasgoed vir hulle daar laat was, in ruil vir die bediening van die Woord van God, saam met genesing en wonderwerke. Dit was Plan A. Hulle moes gasvryheid in die dorp verkry in ruil vir die beste persoonlike bediening wat te kry was in die land. ‘n Goeie ruil.

Let egter op hoe hulle op oneer moes reageer as dit sou gebeur. Hy het hulle beveel dat terwyl hulle in enige plek of in enigeen se huis was, en niemand hulle salwing raaksien nie, hulle hulle vrede van daardie plek moes wegneem, die stof van hulle voete afskud en verder gaan. Hulle was nie toegelaat om minagting van hulle salwing te verduur nie. Jesus Christus het toe Hy hulle uitgestuur het, daarop aangedring dat hulle salwing, roeping en unieke posisie as apostels en ambassadeurs van die Allerhoogste God erken moet word, meer as hulle Galilese agtergrond. Hulle posisie in Hom het voorrang geniet bo hulle armoede en die gebrek aan ekstra klere. Wanneer iemand nie hulle geloofwaardigheid as ambassadeurs erken het nie, moes daardie persoon verwerp en nie erken word nie deur die stof van hulle voete af te skud.

Om terug te keer tot die paradoks in Filippense 2, let daarop dat toe God Jesus vereer het met ‘n naam bo elke naam, Hy die eer aanvaar en nie verwerp het nie. Hy was in samestemming met wat die Vader van Hom gedink het. Spreuke sê baie duidelik dat ons nooit, ooit ons eie eer moet soek nie. Dis verkeerd om ons eie eer na te streef; as ons daarna soek om onsself vir so iets te posisioneer, is dit ten beste gevaarlik, en meesal openlike sonde. Hierdie waarheid word gebalanseer deur net so ‘n duidelike lering in die Skrif, dat God kan kies om mense te verhoog. Sy keuse is om sommiges te vereer. In meer as een geval praat die Bybel van die mens wat homself verneder en wat deur God geëer en opgehef word. Beide in Spreuke 29:23 en Matteus 23:12 is daar duidelike lering oor die feit dat eer gegee word en dat dit vanuit die hand van God kom. God gee daardie eer op sy eie tyd.

Dit is verkeerd om jou eie eer te soek. Dis net so verkeerd om eer te verwerp wat God aan jou wil gee. Dit is die ander voortjie.

Om dit in die konteks van ‘n gelykenis te plaas, word daar in Lukas 14:9-11 oor ‘n teoretiese bruilofsfees gepraat. Jesus het in wese gesê, “As jy na ‘n bruiloffees gaan, moenie die beste sitplek inneem nie, want jy

kan dalk agter toe gestuur word.” Dit is die hoogmoedkant van die kegelbaan. Hy het bygevoeg, “Neem die agterste sitplek in, verneder jouself, maar as jou gasheer kom en jou na die voorste sitplek neem, **gaan saam met hom**.” Hulle was geleer om die eervolle posisie te aanvaar as en wanneer iemand dit vrywillig aanbied.

Dit is wat met my gebeur het toe daardie groep van nege mense voor my gestaan het. Elkeen van hulle het die waarheid verklaar wie ek is. Toe ek met hulle saamgestem het en aan die einde gesê het, “Ja, wat julle gesê het, is die waarheid”, het ons ‘n drievoudige koord tussen my, God Almagtig en hulle gevestig. Ons het in ooreenstemming met God gekom oor wie ek is, eerder as om saam te stem met wat die vyand my toewens.

Skild van eer

Hoewel ek dit destyds nie begryp het nie, het hulle deur die waarheid oor my karakter, gawes, salwing en die vrug van my bediening te spreek en omdat ek met die waarheid saamgestem het, ‘n skild van eer om my en my bediening gesit. Hierdie ooreenkoms het my baie smart gespaar. Ek weet nie wat van al die jaloerse mense geword het nie. Ek weet nie wat God met hulle gedoen het nie, maar ek weet dat hulle uit my lewe verdwyn het. Hulle kom nie op my pad nie, en agtervolg my ook nie. Hulle is nie deel van my organisasie nie. Ek hoef nie met hulle te handel nie. Ek het nie nodig gehad om persoonlik met die gees van jaloesie te handel om myself nou alreeds vir meer as ‘n jaar te beskerm nie, omdat hierdie skild van eer so kragtig en sterk is.

Ek wandel baie versigtig in die middel van die kegelbaan. Ek soek nie eer vir myself nie. Ek kan vanaf ‘n posisie waar ek hooggeeag is na ‘n posisie waar ek geïgnoreer word, beweeg. Ek soek nie na eer nie, maar as eer aan die ander kant deur God se hand deur mense op ‘n toepaslike en smaakvolle wyse na my kom, sê ek, ”Dankie.” Ek kom baie stil en eenvoudig in ooreenstemming daarmee. Ek probeer nie afmaak wie ek is nie. Ek ontken nie wie ek is nie en ek loop ook nie daarmee te koop nie. Deur in die middelbaan tussen die twee slote te bly, en deur die skild van eer wat ek ontvang het, is ek bevry.

Ons het uiteindelik hierdie konsep geïllustreer gesien in Psalm 84:11, waar gepraat word van ‘n skild van eer wat God om ons sit. Vandat ons dit verstaan het, het ons dit begin toepas. Ek het met mense in die bediening en in die sekulêre lewe gehandel. Ek het met mense en personeellede in die regering gehandel, en met mense wat in die kongres ‘n posisie het, en gesien hoe die krag van God die gees van jaloesie breek. Ek het ook gesien hoe die krag van ‘n skild van eer ‘n mate van beskerming bied.

Ons het dit eenkeer vir ‘n hele gemeente in ‘n stad wat verskeur was deur die gees van jaloesie gedoen. Ons het vir ‘n paar weke lering daaroor gegee, en een Sondagaand die pastoor en twee ouderlinge na vore geroep. Vyf verskillende mense het die waarheid oor wie hulle is en oor die vrug van hulle bediening gespreek en elkeen se karakter gestaaf. Daardie aand, toe gemeentelede in samestemming met hulle leiers gekom het oor die gawes van God in hulle, het dit die verwoestende gang van jaloesie dwarsdeur die gemeente duidelik laat afneem.

Die leuen dat jy vervang kan word

Om terug te keer na die kern van die saak van om vervang te word, het ons besef dat in ‘n gesonde gemeenskap van gelowiges, daar geen vrees behoort

te wees om vervang te word nie. Elkeen van ons behoort volkome geborge te wees in ons verhouding met God die Vader. Ons behoort te weet dat al sou ons ons hele bediening, erkenning of enigiets anders verloor, ons steeds ‘n verhouding het met God die Vader, en dat dit die spil is waarom alles draai.

Ons behoort ook elkeen totaal geborge in ons gawes te wees. Die punt is nie hoe begaafd jy is nie. Die punt is dat God die gawes wat ons vir elke situasie nodig het, op ‘n unieke wyse voorsien.

Efesiërs 4:15-16 (OV) sê, *“...maar terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam – goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate – die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.”*

In die westerse wêreld het ons ‘n lineêre beskouing van uitnemendheid en gesag. Ons plaas elke persoon op ‘n vlak volgens ‘n “graad”. Een persoon is op graad vyf, ‘n ander op graad agt, en nog een is op die graad twaalf vlak. Ons glo die graad twaalf vlak is beter as die vyfde graad. Dit werk nie regtig so in die area van geestelike volwassenheid nie. Die werklikheid is dat ons spesialiste is. Iemand wat ‘n goeie doelskopper is – as ons hierdie beeld kan gebruik – is niks beter of slegter as ‘n goeie agterspeler nie. Die enigste verskil is dat die doelskopper sokker speel en die agterspeler rugby speel.

Ek was eenkeer in Washington DC. Terwyl ons deur ‘n bepaalde openbare gebou stap, het ons in ‘n area gekom wat nog nooit voorheen vir die gebedsgroep oop was nie. Ons het dadelik in die area inbeweeg en was in staat om geestelike skoonmaakwerk te doen. Hoekom? Omdat die drie van ons in die span ‘n unieke kombinasie van gesag in ons eie individuele gawes gehad het wat geen ander span voorheen gehad het nie. Omdat ons is wat ons is, het God daardie dag vir ons die weg gebaan om dit te doen.

Twee ure later het dieselfde span, die drie van ons, na die motor teruggestap. Ons het by ‘n ander gebou verbygestap en gevoel die Here dring ons om ‘n spesifieke aksie daar uit te voer. God wou nie dat ek met hulle saamgaan nie. God het my letterlik op die sypaadjie gestop, so ver ek kon van die gebou af laat gaan, my laat omdraai met my rug na hulle en in die straat laat wegkyk, terwyl hulle oorlog voer. Wat ookal die rede (redes wat ek nie verstaan nie): ek het nie gesag oor daardie gebou gehad nie.

Ek was nie minderwaardiger as hulle op daardie oomblik nie. Dit was net dat my gawes nie vir die saak voor hande reg was nie. Ek het beslis nie minderwaardig op daardie oomblik gevoel nie. Ek was versekerd in my gawes, en nie jaloers op dié van hulle nie. Dit was hulle stryd om te stry, nie myne nie.

Ons moet geborge wees in ons eie gawes. Ons hoef nie voortdurend te soek na meer en meer gawes nie, want ons gawes is spesiaal vir die toepassing op die regte taak. Ons kan in vrymoedigheid wandel, wetende dat ons ‘n kritieke rol het om te speel, al is een rol in ‘n hoër profiel as die ander.

Uiteindelik moet ons veilig wees in God se tydsberekening vir ons om vrug te dra.

© Alle regte voorbehou

Psalm 1:3 verklaar dat die persoon geseënd sal wees wat soos ‘n boom by waterstrome geplant is en sy vrugte gee **op sy tyd.** ‘n Paar jaar gelede, terwyl ek hierdie gedeelte bestudeer het, het ek vir die Here gevra, “Wanneer is dit die boom se seisoen om vrug te dra?” Die Here antwoord my toe, “Watter boom?”

Elke boom het ‘n verskillende tyd om vrug te dra. ‘n Papajaboom dra in minder as ‘n jaar. ‘n Sitrusboom dra binne twee of drie jaar, terwyl ‘n appelboom na vyf jaar dra. ‘n Brasilneutboom dra soms nie voor na vyftig of vyf-en-sewentig jaar nie.

Daar is mense soos Jeremia die profeet, wat verwag het om sy bediening te begin as hy dertig jaar oud is, want dis wanneer priesters begin bedien. God sê egter, “Verrassing! Jy gaan nie ‘n priester wees nie; jy gaan ‘n profeet wees. En jy gaan jou bediening begin voor jy dertig is.”

Jeremia het vroeg vrug gedra. Ander is soos Moses wat die seisoen van vrugdra eers op tagtig binnegegaan het. En natuurlik het ons iemand soos Abraham en baie ander verhale wat die verskillende vrugdra tye vir elke persoon illustreer.

Elke individu kan verseker wees dat daar nie tyd gemors word as ons met God wandel nie. God het ‘n bepaalde tyd vir ons vrugbaarheid. In die volheid van tyd sal al die salwing en gawes saamkom op die regte plek en tyd as ons net gehoorsaam is. Daar is dus geen basis vir vervanging, die vrees dat jy vervang kan word, of vir jaloesie in die Liggaam van Christus nie. Ons moet geborge en veilig in ons verhouding met God, in ons gawes en in God se tydsberekening vir ons vrugbaarheid wees.

Om eer te gee

Deur eer aan mekaar te gee is ‘n basiese beskerming in ‘n bediening en moet as ‘n kernwaarde beskou word. Ek dank God dat Hy hierdie saak ‘n klompie jare gelede na vore gebring het in Plumbline Bedieninge. Ek het dit vir my mense geleer en in hulle ingebou. Ons het geleer om ‘n duisend klein dingetjies wat nie eervolle uitsprake is nie, uit ons taal te verwyder. Ons bedoel dit miskien nie as oneervol nie, want die uitsprake is deel van ons kultuur. Amerika (en ook Suid-Afrika!) het ‘n kultuur ryk aan oneervolle uitsprake. Ons maak dit ‘n kunsvorm. Ons praatjies is meeste van die tyd baie neerhalend en oneervol. Ons media maak groot ophef van oneervolle en neerhalende woorde. Gevolglik moes ons tot die uiterste in die teenoorgestelde gees gaan en leer hoe om daardie woorde uit ons woordeskat uit te roei.

En boonop moes ons leer hoe om uitdrukking aan eer te gee. Ons het geleer hoe om God se hand op ander individue te sien. In wat gewoonlik roetine geselskap was, het ons nou die teenwoordigheid van God, sy doelstellings, sy hand in omstandighede en sy seëninge op ‘n individu se lewe gesien.

Ons aanvaar nie meer vals nederigheid nie. ‘n Persoon aan wie eerlike erkenning of ‘n kompliment gegee word wat betref die gawes wat God hulle gegee het en hoe hulle dit gebruik, leer om daardie erkenning op ‘n stil en gesonde manier te ontvang. Dis hartseer dat dit nie algemeen is om die hand van God op ander te sien en om dan daardie erkenning, as dit gegee word, te ontvang nie. Dit behoort die norm vir ons almal te wees. Dit behoort die basiese funksie van die Liggaam te wees.

Die Liggaam van Christus word met baie dinge vergelyk, een waarvan die bruid/bruidegom verhouding is. In daardie intieme verhouding moet daar

© Alle regte voorbehou

groot kompetisie tussen man en vrou wees in hulle poging om mekaar te eer. Basiese, natuurlike Christendom behoort dit ‘n kunsvorm te maak om eer aan mekaar te gee. Dit behoort voorkeur aan mekaar te gee, eerder as om onsself te bevorder. Dit behoort die eer wat God aan ons gee, op ‘n gepaste manier te ontvang.

As ons tog maar net ywerig poog om elke dag iemand in die Liggaam van Christus te sien aan wie ons eer kan bewys! As die hele Kerk dit beoefen, sal ons nie lering oor die gees van jaloesie nodig hê nie.

‘n Wortel van vrees

Die probleem is nie regtig die gees van jaloesie nie. Die probleem in die Kerk is “die vrees om vervang te word” en die gebrek aan die skild van eer. Ons strategie teen die gees van jaloesie moet omtrent vyf persent bevryding en vyf-en-negentig persent wees om die skild van eer te plaas waar dit hoort. Die skild van eer is nie vlyery nie, en ook nie om mense op te bou waar daar geen basis voor is nie. Dit is om in die waarheid te wandel en in eerlikheid die waarheid in geregtigheid aan ander te betoon. Ons moet die dinge wat hulle goed doen, die vrug van hulle bediening en die gawes van God in hulle lewe uitwys, sonder om dit te oordryf of af te kraak. Ons moet in eenvoudige eerlikheid wandel, en wanneer dit dan erken word, dit met stille nederigheid aanvaar.

As ons hierdie twee dinge kan doen, sal ons ‘n skild van eer wat altyd groter, sterker en omvattender word, om mekaar bou. As daar iemand op die kantlyn staan wat onwetend en onopsetlik ‘n ooreenkoms aangegaan het met die vader van die leuen omdat hulle bang is om vervang te word, sal dit nie saak maak nie.

Verkondig die Naam

Nadat alles nou gesê is, laat ek vir jou ‘n Naam van God gee wat ons gebruik as ons met die gees van jaloesie te doen kry. Ons moet begryp dat Satan probeer om God na te maak en in kompetisie met God in feitlik elke kategorie behalwe een is. Hy doen dit selfs in die groot verdrukking wat kom, deur homself voor te stel as iemand wat mense uit die dood kan opwek, en kom as die engel van lig en maak asof hy die antwoord is op al die probleme van die mens. Dis alles in direkte kompetisie met God.

Maar in alles wat ek in geestelike oorlogvoering gehoor het, en in al die ervarings wat ek met mense in die okkulte gehad het, plus in alles waaroor ek opgelees het, het ek nêrens gesien dat Satan dit waag om voor te gee dat hy ewiglewend is nie. Die feit dat hy ‘n geskape wese is , is ‘n harde werklikheid. Ons het gevind dat as ons openlike, direkte, konfronterende oorlogvoering doen om die gees van jaloesie te probeer terugdruk, ons die Naam van die Oue van Dae moet gebruik.

Die Oue van Dae, die God wat van ewigheid af is, is die Een wat die tydelike, geskape natuur van Satan en sy jaloesie oorwin. Ons verklaar die algenoegsaamheid van die Oue van Dae en van sy plan. Ons ontvang uit sy hand alles wat Hy vir ons wil gee, wetende dat elke goeie en volmaakte gawe van bo kom, van die Vader van die ligte, wat nie verander en by wie daar geen skaduwee van omkering is nie. Watter goeie gawes Hy ookal verlang om vir ons te gee, ontvang ons met dank. Ons ontvang dit as rentmeesters. Ons gebruik dit vir die Koninkryk.

© Alle regte voorbehou

Ons wandel in nederigheid en ons ontvang nederig die eer wat God kies om aan ons te gee. Ons doen dit net soos Jesus Christus toe Hy twaalf jaar oud en in die tempel was. Sonder arrogansie, maar met ‘n stille vertroue was Hy gewillig om met die leiers te debatteer, omdat Hy wis wie Hy was. Hy het geen valse nederigheid en geen trots gehad nie, en het daarom in oneindige gesag gewandel in ‘n milieu wat deurtrek van jaloesie was.

Ons kan dit alles ook doen. As ons mekaar eer, wandel ons nie net in gesag nie, maar ook in vryheid van die verwoestende, vernietigende, moorddadige gees van jaloesie.

Leer aan die voete van die Oue van Dae. Leer die kuns om ander eer te gee. Dis kragtig, lewegewend, en bedek ons broers en susters van die krag van Satan se jaloesie.

Geskryf deur Arthur Burk met toestemming vertaal deur Annatjie Laurie

© Alle regte voorbehou